Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 8

8 Maart 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

UITSLAG BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2024
Baie dankie aan elke ouer wat opgedaag het om te stem. Sonder u teenwoordigheid sou ons die proses van vooraf moes begin. Daar het 209 ouers gestem met 207 wettige stembriewe en 2 bedorwe stembriewe. Dit is die meeste stemme wat nog in my termyn as skoolhoof uitgebring is. Wel gedaan.

Ons wil sommer van die geleentheid gebruik maak om die uittredende beheerliggaam te bedank vir die groot taak wat hulle die afgelope drie jaar vervul het. U betrokkenheid was vir Laerskool Newtonpark van onskatbare waarde.

Baie geluk aan elke persoon wat verkies is tot die beheerliggaam. Dié mense is u as ouers se verteenwoordigers by die skool. Ondersteun hulle en maak van hul dienste gebruik indien u vrae of probleme het.

Die volgende 5 persone is verkies:
Kosta Camarinos
Moya Rossouw
Werner van Mosseveld
Nina van Wyk
Antonie Wolmarans

LAATKOM VAN KINDERS
Ons doen 'n vriendelike beroep op u as ouers om te sorg dat u kind(ers) betyds by die skool is. Die afgelope weke was daar baie kinders laat vir skool. Die skool begin stiptelik om 07:45. As daar een lewensles is wat baie belangrik is vir kinders om te leer, is dit om altyd betyds vir afsprake te wees. Ons kan u verseker dat die skool beurtkrag in ag neem aangesien ons ook daar rondom moet beplan.

Beurtkrag vir groep 12 tussen 06:00 en 08:00 soggens het die grootste impak op die verkeer skooltoe en ons vra dat u as ouers dit ingedagte moet hou en daarvolgens beplan.

TOELATING 2025: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R en 1 in 2025 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

TENNISBAANSLEUTELS
Indien ouers met hul kinders na ure en op Saterdae wil oefen kan hulle ‘n tennisbaansleutel teen R250 vir die jaar by die skool aankoop. **Indien jy reeds ‘n sleutel het, kan jy vir ‘n bedrag van R200 jou ou sleutel vir ‘n nuwe een by die skool kom omruil.** Daar is sekere reëls wat nagekom moet word indien u ‘n sleutel koop. Ons het die slotte op Maandag, 4 Maart 2024, vervang.

VAKANSIENASORG: MAART/APRIL 2024
Ons bevestig dat die vakansie-nasorg wel in die Maart-vakansie voortgaan.
Die voorgestelde tydperk is:
1. **Vrydag, 22 Maart 2024 tot Donderdag 28 Maart 2024 (5 dae). (Skole sluit Woensdag, 20 Maart 2024 en heropen Woensdag, 3 April 2024)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:15 tot 17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R450, per kind, en R850 vir 2 kinders vir die vyf (5) dae. Die bedrag is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 sal ‘n 5% korting toegestaan word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Gelukkige vrouedag. Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 11 Maart : ***Juffrou Karien van der Merwe verjaar**
Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Biblioteekboeke inhandig

Di – 12 Maart : Senior koor: **07:25 tot 08:00**
Krieket : 0/9 A en B teen Lorraine **(w)**
Finansiële komiteevergadering **17:00**

Wo – 13 Maart : Junior koor: **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel: **12:00 tot 14:30**

Do – 14 Maart : Senior koor : **07:25 tot 08:00**
Framesby : Laerskole Sportdag (0/12 + 0/13 netbal en rugby)

Vr – 15 Maart : *** Mnr. Percy Barnard verjaar**
Junior koor: **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Bybelkennis skryf

Sa – 16 Maart : **Skaaktoernooi – LNP skoolsaal**
LNP 0/13 Netbal teen Hoërskool Douglas-toerspan om 10:00
LNP 0/13 Rugby teen Hoërskool Douglas-toerspan om 10:30

SPORT EN KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
5 Maart	0/9A	Dr. Viljoen	LNP teken 30 lopies aan en verloor 4 paaltjies. Dr. Viljoen teken 24 lopies aan en verloor 3 paaltjies. Dr. Viljoen wen 8 teenoor 7.5
5 Maart	0/9B	Dr. Viljoen	LNP teken 18 lopies aan en verloor 2 paaltjies. Dr. Viljoen teken 8 lopies aan en verloor geen paaltjies. Dr. Viljoen wen
7 Maart	0/11B	Altona	Altona kolf eerste en teken 63 lopies aan. LNP kolf tweede en teken 65 lopies in 7 boulbeurte aan en verloor geen paaltjies LNP wen met 9 paaltjies

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
5 Maart	Senior B-seuns	Charlo	LNP wen met 34 potte
5 Maart	Senior C-seuns	Greenwood	LNP wen met 10 potte
7 Maart	Senior A-meisies	St. Joseph's	LNP wen met 6 potte
7 Maart	Senior B-meisies	Collegiate	LNP speel gelykop

BOFBAL : NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

Alek Gerber in graad 4D en Mikhail Gerber in graad 7W is gekies om Nelson Mandela Baai tydens die nasionale bofbalkampioenskappe wat vanaf 22 – 27 Maart plaasvind, te verteenwoordig. Baie geluk, julle!

BALLET

Nina Kloppers, in graad 2A, is as "Mini Best Ballet"-danser vir 2023 van haar dansskool, Art-In-Motion aangewys en het verlede week haar toekenning en roset ontvang. Baie geluk, Nina!

GIMNASTIEK : TRAMPOLIEN

Luanré Venter in Graad 3B was uitgenooi om aan die SA Prestige Cup (Gimnastiek Trampoline) op Saterdag, 3 Maart deel te neem. Die byeenkoms was as gevolg van sy deelname aan die SA Games in September 2023 en hy moes teen die top 16 in die land op elke vlak meeding ongeag die ouderdomme. Gimnaste kompeteer dus van 8 tot 18 jaar teen mekaar vir die gesogte titel as kampioen op hulle vlak.
Luanré se resultate op sy vlak (vlak 4) was as gevolg:

- Double Mini Trampoline - Goud (1ste)
- Euro Trampoline - 6de

Hartlik geluk met hierdie uitstaande prestasies, Luanré!

FRAMESBY NETBALKLUB

'n Paar van Newtonpark se O/13 netbalspelers is hierdie jaar by die Framesby netbalklub ingeskryf. Hulle het verlede Saterdag aan hulle eerste toernooi (Park Toernooi) by Young Park-netbalbane deelgeneem. Saam met hulle spanmaats van ander skole en ouderdomme, het hulle goeie spel gelewer en met veggees twee van hulle drie wedstryde gewen.

Newtonpark-spanmaats: Chloe Schoultz, Chanel Schoultz, Emma Gough, Jana van der Merwe, Mieke Loots, Keelyn Nortje, Chené Koekemoer en Emma Cloete.

Baie geluk, meisies!